

Titel: Die Roepstem
Pastor: Lucille May
Datum: 10 April 2011
Tyd: 09:00



Jesaja 30:21

²¹ Wanneer jy regs of links wil gaan, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: “Hier is die pad, loop hierlangs.”

Jakobus 4:2b-3

² Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. ³ As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.

I Johannes 5:14

¹⁴ En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens Sy wil vra.

POSISIONEER JOUSELF:

1. Denke van Christus
2. Instruksie van God

I Korinthiërs 2:16b

¹⁶ ...Maar ons het die denke van Christus.

Filippense 2:5

⁵ Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

Filippense 2:8

⁸ en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

Filippense 2:3b-4

³ ...maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. ⁴ Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander (se belange).

Mattheus 28:19

¹⁹ Gaan dan, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Efesiërs 4:11-12, 16

¹¹ En dit is die gawes wat Hy gegee het: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. ¹² Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

¹⁶ en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

groei = numeriese uitbreiding

opbou = innerlike versterking

Jesaja 55:1-3a

¹ Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.

² Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My, sodat julle kan eet wat goed is en versadig kan word met die beste wat daar is.

³ Gee aandag en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe...

Jesaja 55:6-7

⁶ Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. ⁷ Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik.

Jesaja 55:13a

¹³ Vir 'n doringboom sal 'n sipres opgaan; vir 'n distel sal 'n mirteboom opgaan;

Mattheus 9:35, 37-10:1

³⁵ Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak.

³⁷ Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. ³⁸ Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.”

¹ Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak.

Jesaja 6:9

⁹ Toe het die Here gesê: “Gaan sê vir hierdie volk: Julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie.”

Hebreërs 3:7-8a

⁷ Luister daarom na wat die Heilige Gees sê: “Vandag, as julle sy stem hoor, ⁸ moet julle nie julle harte verhard nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het...”